

# Telgetalle

## Eienskappe en berekenings



### Onthou

#### Kommutatiewe eienskap

- Die volgorde waarin jy twee telgetalle bymekaartel of vermenigvuldig maak nie saak nie.  
 $4 + 3 = 3 + 4 = 7$  and  $3 \times 4 = 4 \times 3 = 12$
- Wanneer jy egter telgetalle aftrek en deel is die volgorde baie belangrik.  
 $4 - 2 \neq 2 - 4$  and  $4 \div 2 \neq 2 \div 4$

- Waar of onwaar? Die volgorde waarin getalle geskryf word wanneer jy
  - optel, beïnvloed nie die antwoord nie.
  - deel, beïnvloed nie die antwoord nie.
  - aftrek, beïnvloed nie die antwoord nie.
  - vermenigvuldig, beïnvloed nie die antwoord nie.
- Vul + of – in om die volgende stellings waar te maak. (Let daarop dat a) en b) enige getalle is.)
  - $4 \quad 5 = 5 \quad 4$
  - $5 \quad 4 \neq 4 \quad 5$
  - $a \quad b = b \quad a$
  - $a \quad b \neq b \quad a$
- Vul ÷ of × in om die volgende stellings waar te maak. (Let daarop dat a) en b) enige getalle is.)
  - $4 \quad 5 = 5 \quad 4$
  - $5 \quad 4 \neq 4 \quad 5$
  - $a \quad b = b \quad a$
- Noem die eienskap van telgetalle wat deur die volgende getalsinne geïllustreer word.
  - $a + (b + c) = (a + b) + c$
  - $a \times b = b \times a$
  - $25 \times 4 = 4 \times 25$
  - $25 + (30 + 20) = (25 + 30) + 20$
- Gebruik die distributiewe eienskap om die volgende te bereken.
  - $6 + 9$
  - $100 + 75$
  - $20 - 15$
  - $100 - 90$
- Voltooi die volgende getalsinne deur die distributiewe eienskap te gebruik.
  - $20 + 30 = 10 \times (2 + \quad ) =$
  - $48 - 30 = 6 \times (8 - \quad ) =$
  - $a \times b + a \times c = a \times (\quad )$



### Onthou

#### Assosiatiewe eienskappe

- Wanneer twee of meer telgetalle opgetel of vermenigvuldig word, maak die volgorde waarin ons die getalle groepeer nie saak nie.  $(5 + 4) + 6 = 5 + (4 + 6)$
- Wanneer twee of meer telgetalle gedeel of afgetrek word, maak die volgorde waarin ons die getalle groepeer wel saak.  $(4 - 3) - 2 \neq 4 - (3 - 2)$



### Onthou

#### Distributiewe eienskap

- Optel en vermenigvuldiging:  
 $4(3 + 5) = 4 \times 3 + 4 \times 5 = 32$   
 $20 + 30 = 10 \times 2 + 10 \times 3 = 10(2 + 3)$
- Aftrek en vermenigvuldiging:  
 $30 - 15 = 5 \times 6 - 5 \times 3 = 5(6 - 3)$

# Telgetalle

## Orden en vergelyk telgetalle

### Voorbeeld

1. Vind die KGV van 3 en 4.

Antwoord:

Veelvoude van 3:  $M_3 = \{3; 12; 18; 24; \dots\}$ .

Veelvoude van 4:  $M_4 = \{12; 24; 36; 48; \dots\}$ .

Veelvoude van 3 wat ook veelvoude van 4 is, wat gemene veelvoude van 3 en 4 genoem word, is  $\{12; 24; 36; 48; \dots\}$ .

Die kleinste gemene veelvoud (KGV) van 3 en 4 is 12.

2. Vind die GGF van 8 en 20.

Antwoord:

Faktore van 8:  $F_8 = \{1; 2; 4; 8\}$ .

Faktore van 20:  $F_{20} = \{1; 2; 4; 5; 10; 20\}$ .

Faktore van 8 wat ook faktore van 20 is, wat die gemene faktore van 8 en 20 genoem word  $\{1; 2; 4\}$ .

Die grootste van hierdie gemene faktore, wat die grootste gemene faktor (GGF) genoem word, is 4.

**1)** Skryf die volgende neer.

a) Die eerste vyf veelvoude van 6.

b) Die eerste vyf veelvoude van 4.

c) Die KGV van 4 en 6.

d) Werk die KGV van 3, 6 en 9 uit.

e) Werk die KGV van 8, 10 en 20 uit.

**2)** Werk die GGF van die gegewe getalle uit.

a) 8 en 12

b) 10 en 15

c) 9 en 18

d) 12, 18 en 24

e) Gebruik priemfaktore om die GGF van 12, 18 en 24 uit te werk.

f) Gebruik jou eie getalle om die GGF van twee of meer getalle te verduidelik.